**Die Eikestadwinkel**
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH
VIR
- Deftige Mansklerasie
- Rakette
- Northampton Mansskoene

# DIE Matie

ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT.

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

DEEL III, No. 14 — VRYDAG, 11 JUNIE 1943 — PRYS 1d.

**VILJOEN**
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

## U.S. NEEM VOORTOU OP GEBIED VAN PLAASARBEID

### Studente Voorsien in Eie Behoeftes

#### Geslaagde Proefneming

**In die feesnommer van „Die Matie" by geleentheid van die 25ste verjaarsdag van die Universiteit op 2 April 1943 is daarop gewys hoedat hierdie inrigting sedert sy begin as Die Stellenbosch-Kollege in 1881 in die teken van „landsdiens" gestaan het — diens in hierdie geval ten behoewe van Jong Suid-Afrika. Hierdie vaste idee is nooit uit die oog verloor nie en elke nuwe uitbreiding van die Universiteit het daaruit ontstaan. Dit vertrou ons, is ook weer die geval met „Vorentoe."**

Hierdie plaas, ten noorde van die dorp, is 'n paar jaar gelede deur die Universiteit aangekoop met die oog op 'n nuwe proefneming. Op die oomblik word hier aan vyftien studente huisvesting verleen, en word aan hulle die geleentheid gebied om deur plaasarbeid in 'n gedeelte van hulle losieskoste te voorsien.

VEREISTES

Dit spreek vanself dat 'n student wat daar wens opgeneem te word aan sekere vereistes moet voldoen o.a. dat hy fisies geskik moet wees om plaaswerk te kan doen en dat hy gewillig is om in sy vrye tyd die een of ander soort werk te verrig — selfs in die vakansies indien dit nodig mag wees. Daar word van elke student hier verwag om 'n minimum van 400 uur per jaar plaaswerk te doen.

ORGANISASIE

Die inrigting is onder persoonlike toesig van mnr. en mev. Bester. Mnr. Bester is die plaasvoorman en hou ook toesig oor die studente. Vir die behartiging van die belange van die inwonende studente is daar 'n huiskomitee gekies met mnr. F. Niemand as Voorsitter en hy word bygestaan deur mnre. T. Botha en J. P. Jordaan.

Op die plaas word hoofsaaklik landbou beoefen. Daar word groentes van enige soort gekweek. 'n Deel is onder lusern wat gebruik word as voedsel vir die beeste op die plaas. Ook is ongeveer 'n morg afgestaan vir 'n wingerd, wat op die oomblik nog in die beginstadium is. Verder word tyd bestee aan 'n melk- en hoenderboerdery, wat baie betalend is.

Wat vir die besoeker veral opvallend is, is die netheid waarmee alles gepaard gaan. Vir die beeste en die hoenders is die plaas in 'n aantal netjies en gerieflike kampe verdeel. Die bewerking van die grond geskied ook op 'n besonder sistematiese wyse en die plaas word voorsien van water uit twee groot damme geleë aan die hoogste deel van die plaas.

Soos hierbo vermeld is dit nog maar 'n proefneming, maar noual blyk hierdie grootse poging 'n sukses te wees. Ons vra onsself die vraag af of dit die begin van dergelike groter skemas is. Hier maak die Afrikaner-student kontak met die bodem en verrig nie net diens aan homself nie, maar aan Suid-Afrika. Vir dié wat wil, is dit nie 'n skande om te werk nie!

### Tiny Bosman.†

**„Die Matie" betuig innige deelneming met die heengaan van een van ons studente, Tiny Bosman, in die Groote Schuur hospitaal, verlede week. Hy was tweedejaar student en 'n inwoner van „Vorentoe" waar hy bekend was as 'n goeie kameraad en 'n hardwerkende student.**

### Musiekvereniging

**Op Dinsdag, 15 Junie om 8 n.m. word daar in die saal van die Conservatorium 'n lesing gehou deur mnr. Jack Steyn oor Johann Strauss.**

Die Matie wens hiermee mev. v. Huyssteen geluk met haar eersgebore son. Mev. v. Huyssteen (mej. Morrison) was vroeër lektriese aan die fakulteit van liggaamsopvoeding.

„Flora"
is die
**NuweBlommewinkel**
in die
**OU C.S.V.-BOEKHANDEL**
**van Ryneveldstraat**
waar die
Beste Ruikers
Geskenkmandjies
Skouerruikers
Kranse
Potplante
ens.
verkrygbaar is

## Die Betekenis van die Tiende Kongres

### Sosiale Bewuswording van die Volk

In 'n lang ry van merkwaardige Kongresse is dit duidelik dat die Tiende jaarlikse uniale sametrekking van die A.N.S. die kroon gaan plaas op 'n ontwikkeling in die eerste dekade wat deurgaans gekenmerk is deur die gees van wakkerheid, daadkrag en intense nasionale belewing wat tipies is van studentebewegings oor die hele wêreld.

In die eerste tien jaar van sy bestaan het die A.N.S., veral gedurende die moeilike jare van '33 tot '39, 'n bron van krag gevorm vir menige Afrikaner wat reeds toe al sterk wantrouig gaan staan het teenoor die ewig-verdelende partypolitieke lewe. Van stap tot stap was dit dikwels die A.N.S. wat op die voorpunt beweeg het na 'n nuwe nasionale bewuswording wat gekulmineer het in die volksontwaking van 1938. En toe die volksgeweging in die tydperk ná die wonderjaar in aksie begin kom het as die Afrikanerdom se Tweede Groot Trek, het die A.N.S. weer nie vir 'n oomblik geaarsel nie, maar as die geestelike stormtroepe van die volk veral op ideologiese gebied vorm en inhoud begin gee aan die wordende Afrikaanse volksbeweging.

A.N.S. VIR VOLKSBEWEGING

Dit is voorwaar geen toeval nie dat die A.N.S. dus die eerste tien jaar van sy lewe afgesluit het met die 1942-Kongres, waarop hy met die uitbouing van die VOLKSBEWEGINGSGEDAGTE die nasionale bewuswording laat kulmineer het in die prinsipiële daarstelling van dié nasionale kragbron van die volkstaat, die AFRIKAANSE VOLKSBEWEGING, waarin die gedagte van nasionale eenheid en lotsgebondenheid ook vir die studentebeweging, nie in die toekoms nie, maar reeds op die huidige dag vorm en belewing vind.

NASIONALE BEWUSWORDING

Die kulminasie, dus, van 'n proses van nuwe **nasionale** bewuswording. Terselfdertyd het die A.N.S. egter ook met sy volksbewegingsgedagte laasgenoemde se ander aspek, nl. die **sosiale**, — die gedagte van die **lotsgemeenskap** — gestel.

En nou is dit juis weer sprekend van die Afrikaanse studentebeweging se intuïtiewe aanvoeling en noue kontak met sy volk se ontwikkelingsgang dat hy by die suiwer **nasionale** gedagte nie gaan stilstaan nie, maar onmiddellik ook verder gaan na die tweede vertakking van die volksbewegingsgedagte, nl. die **sosiale**, wat soms saamgevat word in die leuse: „Elkeen vir almal, almal vir elkeen; volksbelang bó eiebelang!"

VOLK IN BEWEGING

**Die eerste dekade kulmineer in die volheid van nasionale bewuswording: die ondubbelsinnige aanvaring en uitbouing van die gedagte dat ONS VOLK BEWEEG!**

**Die tweede dekade word ingelui op die 1943-Kongres met die ander aspek van die volksbewegingsgedagte**

(Vervolg op bls. 4, kol. 1)

### Blomme-winkel word 'geopen

#### *Iets Waarna Almal Uitsien*

Eersdaags sal die mans van ons studente-gemeenskap uit 'n groot moeilikheid gehelp word, omdat hier 'n Blommewinkel geopen word.

Vir diegene wat nooit geweet het waar om blomme te kry nie sal die moeilikheid opgelos wees. Vir andere wat wel geweet het waar om te kry, maar nooit die moed gehad het om self die ruiker na die dame te neem nie sal ook voorsiening gemaak word deur 'n afleweringsdiens.

Die Matie-dames kan dus uitsien na 'n kleur- en geurryke toekoms, want eindelik word in 'n langgevoelde behoefte voorsiening gemaak deur die opening van 'n Blommewinkel waarvan 'n advertensie in „Die Matie" verskyn.

*Dames!!*
Net
TANT MITA
Pleinstraat,
*Kan julle voorsien in*
*SNIT*
*SMAAK*
*VERSKEIDENHEID*

**HOOFKWARTIER : VIR : GESONDHEID —!**
*VRIENDE ONTMOET MEKAAR OM 'N LEKKER KOPPIE KOFFIE BY*
**DIE SUIKERBOSSIE**
*Pleinstraat* *Stellenbosch*

Kamers 501-520 Vyfde Verdieping

**R. W. van Ryn**

BRILMAKER.

Tel. 2-1944. Posbus 2687.

Groote Kerkgebou,
KAAPSTAD.

Laat u brilvoorskrif deur my vooltooi word. Maak u keuse uit 'n groot verskeidenheid van moderne rame. Spesiale afslag vir Studente.

**APTEKERS**

Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.

**JOERNING en SEUN**

(Eiens.) Bpk.

Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

*Vir die maak van u volgende*

- Paar Sandale
- Stewels
- Skoene

*besoek*

**LUBBE**

*die deskundige skoenmaker en repareerder*

**DIE EIKE KAFEE**

(Eienaar: G. H. van Zyl)

*STUDENTE:*

Kom na die EIKE vir vars vrugte, sjokolade en tabak.

Ons waardeer u ondersteuning en verseker u van ons beste dienste.

**Die Plaza**

Foon 0013.

*„Pardon My Sarong"*

BUD ABBOTT
LOU COSTELLO

*Vrydag en Saterdag,*
*11 en 12 Junie*

Matinee: Saterdag om 3 n.m.

*'n Volk kan alleen wees wat sy aard is.*

**DIE MATIE**

Alle korrespondensie aan:
D. F. VAN DER MERWE,
REDAKTEUR,
Dagbreek.

Deel III. 11 Junie 1943. No. 14.

# Die Student en Arbeid

Arbeid onder die ou klassestelsel of onder die kapitalistiese stelsel is 'n begrip wat slegs beperk word tot 'n sekere klas in die gemeenskap — die arbeidersklas. Onder hierdie arbeidersklas word dan, in die populêre sin, bedoel die ongeskoolde werker of mynwerker en fabriekwerker. Hierdie werkers is dan onderskei van die sogenaamde hoëre beroepswerkers of amptenare eers op grond van die klas van werk, en later op grond van 'n skynbare sosiale status. So het die gedagte van stande in die gemeenskap onder die oo bedeling tot stand gekom as aanwysing van die aard van die arbeid wat die bepaalde groep individue verrig. Die sosiale stande het erflik geword, en van een geslag op die ander oorgedra. Ook word die beskouings van een klas t.o.v. 'n laer stand oorgedra, met die gevolg dat daar neergesien was op die ongeskoolde arbeider en daarmee handearbeid oor die algemeen. Handearbeid sowel as plaasarbeid is dus beskou as 'n minderwaardige beroep— en in Suid-Afrika is hierdie gedagte versterk deur die feit dat kleurlinge altyd daar was om sodanige arbeidsdienste te verskaf. Die Kapitalisme munt ook dan uit in sy minderwaardigheidsbegrip van die arbeidsidee, wat kulmineer in die klasseonderskeiding.

As reaksie teen die klasse- of standsverskil kry ons die sosiale gedagte, wat goed vertolk word deur die slagkreet van die Franse Rewolusie: „Vryheid, Gelykheid en Broederskap!" Dis hierdie gedagte van gelykheid wat ook die kern geword het van die wêreldrevolusie van ons tyd, die Nuwe Orde. Oral in Europa kry ons die gedagte verwesenlik; in die Fascisme van Italië, die Nasionaal-Sosialisme van Duitsland en in die Kommunisme van Rusland waar die idee tot sy uiterste konsekwensie deurgevoer word in die gedagte van: „die arbeider is die staat!"

Met die verdwyning van hierdie klasse-verskil verdwyn mettertyd die idee van die minderwaardigheid van hande- of ongeskoolde arbeid. Dit vloei natuurlik ook uit die Volksbewegingsgedagte waarin die volk 'n organiese eenheid vorm: geen beroep of arbeid in die lig van die hele volk as organiese selfbehoudende eenheid gesien, kan as nietig of minderwaardig beskou word nie.

Op die Vasteland van Europa sowel as in die V.S.A. het hierdie waarde-besef t.o.v. arbeid verreikende gevolge gehad. Snaaks genoeg het dit eerste sy reperkussies in studentegemeenskappe gehad. Landsdienssskemas is onderneem waaraan talle van voorheen-werksku-individue met hart en siel deelgeneem het. Studente het begin insien dat arbeid 'n handige inkomstetjie kan besorg. In Amerika is selfs die kreet „Work for pleasure" aangehef. Studente „het hulle verhuur as klerke, winkelbediendes, kelners, mynwerkers en selfs straatveërs! Vakansies is gebruik om klasgelde in te samel. Dit het soos 'n veldbrand veral deur die V.S.A. versprei, en vandag is daar aan die meeste Universiteite skemas van die aard in werking.

Soos blyk uit 'n artikel elders in hierdie blad staan U.S. glad nie agter by hierdie werklustige oorsese studente nie. Stellenbosch is selfs miskien vir hulle 'n bietjie voor, want nie slegs word vakansies nuttig gebruik nie maar 'n duursame skema ons in die proefneming met die plaas „Vorentoe." Hier word die akademiese aktiwiteite in 'n noue verband met die ongeskoolde arbeid gebring. Die idee wat aan die grondslag lê is: die student voorsien in eie behoeftes! Dit kan mettertyd uitgebrei word na: die studente voorsien in die behoeftes van die studente-gemeenskap! Tot sover is die onderneming baie geslaagd en die kanse op uitbreiding is baie sterk.

Die gedagte van arbeid word hier weer in sy regte perspektief gebring. Arbeid is die basis van die volksbestaan want die volk se krag lê in sy arbeid. Arbeid is geen skande nie —dit is alreeds 'n gedagte wat A.N.S. met sy landsdiens en bodemliefde die kop ingeslaan het — maar „Arbeid Adel," laat dit die slagkreet wees van elke Matie, nie net in sy akademiese werk nie maar ook t.o.v. die gebruik van sy vakansietye.

Laat „Vorentoe" vir ons waarlik die aansporing wees en laat ons voorwaarts met hierdie grootse idee: „Studente-arbeiders vorentoe!"

# Die Oorlog

## NYWERHEIDSVRAAGSTUKKE IN V.S.A.

*„De Waereldgeschiedenis is 't*
*Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

### Deur Prof. J. A. Wiid

Die huidige wêreldoorlog of „globale oorlog" soos dit soms ook genoem word, het, soos reeds dikwels onder hierdie rubriek aangetoon, baie fronte waar die stryd uitgeveg word. Een van hierdie fronte is die tuisfront. Ook hierdie tuisfront het baie onderdele waarvan een van die belangrikste sonder twyfel die oorlogsnywerheid is. Die oorlogsnywerheid self is ingewikkeld en is afhanklik van primêre en sekondêre nywerhede. Tot die gewigtigste primêre nywerhede behoort sonder twyfel daardie nywerhede wat vir die kragvoorsiening sorg soos o.m. die steenkoolindustrie.

Vir elke oorlogvoerende land is dit van die allergrootste belang dat sy tuisfront glad funksioneer. Haper daar iets aan die oorlogsnywerhede dan moet die oorlogsvoering self noodwendig daaronder ly. Die staking b.v. in Duitse oorlogsnywerhede gedurende die oorlog van 1914-1918 het sonder twyfel groot invloed op die uitslag van daardie oorlog gehad. Geen wonder dus dat die owerhede in oorlogvoerende lande veral daarvoor sorg dat die arbeiders in oorlogsnywerhede ruim en teen billike pryse in hul daaglikse materiële behoeftes voorsien word. Om 'n goed gebalanseerde en glad-werkende oorlogshuishouding daar te stel, is egter geen gemaklike taak nie, veral nie in sogenaamde demokratiese state nie. In Brittanje, onder die druk van onmiddellike oorlogsgevare, is daar wel veel presteer hoewel nywerheidsmoeilikhede in die vorm van stakings geensins volkome uitgeskakel is nie. In die V.S.A. is die oorlogshuishouding veel slegter.

#### Die Gevaar van Inflasie

Sedert die V.S.A. aktief oorlogvoerend geword het, is die wêreld deur astronomiese produksiesyfers in die „arsenaal van die demokrasieë" oorweldig. Tog het enige ekonomiese krankhede hul in „God's Own Country" merkbaar gemaak. Al gou het die wêreld verneem dat die inflasiekrankheid in Amerika gevaarlike vorms aangeneem het. Daar is in die Amerikaanse krankheid en sy begeleidende simptome niks nuuts nie: dit is die ou bekende kwaadaardige kringloop (vicious circle). Om astronomiese produksiesyfers van oorlogstuig in werklikheid om te skep, moet daar arbeidskragte gevind word. Arbeidskragte kan alleen gevind word deur aantreklike lone aan te bied. Aantreklike lone beteken volop geld, „dollars to burn", en volop geld beteken prysstygings, verhoogde produksiekoste en verhoogde lewenskoste. Dit weer word opgevolg deur nuwe eise om prysverhogings en loonverhogings en so gaan die kringloop verder. Soos gewoonlik in dergelike omstandighede het alle arbeiders nie in die voorreg van loonverhoging gedeel nie. Die landbouarbeiders het b.v. nie in gelyke mate soos die arbeiders in oorlogsfabrieke in die voorreg van loonverhoging gedeel nie, terwyl die verhoogde lewenskoste tog almal getref het. Die gevolg is dat die landbou-arbeider ontevrede word en werk in die oorlogsfabriek gaan soek. Die boer sit dus sonder arbeiders en is verplig om hoër lone aan te bied. Dit kan hy egter alleen doen as hy hoër pryse vir sy produkte ontvang. Hoër pryse vir die boer se produkte lei egter dadelik tot verhoogde lewenskoste en so gaan dit voort. Indien hoër lone nie verstrek word nie en daar vir die arbeider geen moontlikheid bestaan om ander meer lonende arbeid te vind nie, dan bly daar vir hom net een weg ope en dit is om te staak.

#### Staking van Steenkool-arbeiders.

In die jongste tyd het ons meermale van stakings in die V.S.A. verneem. Daar is b.v. 530,000 steenkool-arbeiders wat onlangs die werk gestaak het. Hulle standpunt was: geen kontrak nie, dan geen werk nie. Die „kontrak" wat hulle wou hê, is een waarin vir loonverhogings voorsiening gemaak word. Hulle eis vergoeding vir die styging in die lewenskoste en iets ekstra met die oog op die verdere inflasie wat hul leiers onvermydelik ag.

Na 'n staking wat ongeveer 'n week geduur het en wat die V.S.A. tien miljoen ton steenkool gekos het, d.w.s. byna so veel steenkool as Italië in 'n jaar verbruik, het die steenkool-arbeiders **voorlopig** tot die werk teruggekeer. 'n Bevredigende oplossing vir steenkool-arbeiders en myneienaars is nog nie gevind nie. Daar is wel gepraat van nasionalisering van die myne en van wetgewing deur die Kongres wat stakings onwettig sal maak. Dit het tot dusver egter nog maar net by praat gebly en 'n mens sal moet afwag hoe die arbeidsvraagstuk in die V.S.A. in die nabye toekoms gaan ontwikkel.

Die enigste redmiddel teen inflasie en sy nasleep skyn te wees 'n staatsbeheerde oorlogshuishouding wat die moed en die mag het om drasties op te tree. Pryse en lone moet vasgestel word, woekerwinste moet uitgeskakel word. Sal die huidige regering van die demokraties-kapitalistiese Amerika die moed hê om drasties op te tree? Sal die Amerikaanse burger genoeg oorlogbewus word om, soos in Brittanje, swaar offers te bring en onder strenge dissipline te staan? Die geskiedenis van die drankverbod stem tot pessimisme.

**SLUIT AAN BY DIE A.N.S.**

**Rook Springbok-Sigarette**

# Pryswennerskonsert van die Kunswedstryd

Hierdie jaar se Kunswedstryd het gekulmineer in die pryswennerskonsert verlede Saterdagaand in die Stadsaal. Ongetwyfeld was dit die beste konsert van hierdie aard van die afgelope paar jaar en 'n besonder hoë standaard is deurgaans gehandhaaf.

Die program is geopen met „Stuur U Lig" (Gounod) gelewer deur die dames van die Universiteitskoor. Later het die gemengde koor, ook onder die bekwame leiding van prof. dr. G. G. Cillié, jnr., 'n koorstuk uit Haydn se „Jaargetye" meesterlik vertolk. Ook die „Soldatekoor" uit „Faust" (Gounod), gelewer deur die mans alleen, het groot byval gevind.

Die klavierspel van die aand was van buitegewoon hoë peil. Mnr. Hubert du Plessis, vir die derde agtereenvolgende jaar die wenner van die studiebeurs en die wisseltrofee vir die hoogste prestasie in musiek, het ons weer getoon waartoe hy in staat is. Veral in die Scherzo uit die konsert van Brahms het sy uitmuntende tegniek en vertolkingsvermoë tot reg gekom. Mej. Duxie van Niekerk was verantwoordelik vir 'n besonder musikale vertolking van die tweede deel uit Tschaikovsky se klavierkonsert, terwyl die „Berceuse in G" (Grieg) kunstig uitgevoer is deur mej. J. Lubbe.

Dit was 'n buitegewone genot om weer na mej. Annette Scheepers se vioolspel te luister. Haar uitmuntende tegniek en suiwer legato het ten beste vertoon in „Adagio in G" (Ries) en die viooldust met mnr. B. de Villiers nl. twee dele uit die Sonata in G kleinterts van Händel.

Die Sangitems het groot verrassings opgelewer. Mej. Anna Immelman, wat 'n aria uit „Freischutz" (v. Weber) vertolk het, besit 'n buitegewoon soet en suiwer liriese stem, en sy sal dit ongetwyfeld ver bring as sy die regte opleiding volg. Die moeilike koloratuur-aria uit „Les Huguenots" (Meyerbeer) is vloeiend uitgevoer deur mej. E. v. d. Westhuizen. Die tweesang deur mejj. E. de Wet en S. Buys, nl. „Die Muhle" (Schumann), waarvoor hulle die wisselbeker gewen het, was ook merkwaardig.

Die treffende weergawe van „Psalm 24" deur die Konservatorium se spreekkoor en mej. M. de Bruyn se dramatiese vertolking van „Die Dans" (Frischman) verdien besondere lof.

Voor die uitdeling van die pryse het dr. Kempen 'n oorsig van die Kunswedstryd gegee en o.a. gewag gemaak van die feit dat mnr. H. du Plessis 95% behaal het vir 'n klavierkomposisie, wat mnr. Theo Wendt vergelyk met die komposisies van Arnold van Wyk en Blanche Gerstman. Ook het hy melding gemaak van 'n tweedejaars dame, mej. E. v. d. Merwe, wat besonder sukses behaal het in die beeldhoukuns.

---

Die oudleerlinge van Volkskool, Potchefstroom het onlangs 'n reunie gehou, ter viering van hulle skool se 21ste verjaarsdag. Mev. Steyn eggenote van die voormalige hoof, was ook teenwoordig.

Musiek Studio
M. CAWS
• Kandidate word opgestuur vir Kaapse Universiteits Eksamens
• Billike Terme.
LANGS DARTERS

# PLATE-PROGRAM

## Sondagaand, 13 Junie, 8.30

1. **Simfonie — Johann Christian Bach (1735 — 1782).** Hierdie voorloper van die moderne simfonie is geskryf deur een van Bach se aantal begaafde seuns. In hierdie werk hoef seun niks by vader agter te staan nie, soos u wel sal hoor. Die werkie bestaan slegs uit twee dele: Allegro Assai en Andante.

2. **Polonaise, Mars en Musette — Johann Sebastian Bach:** Hierdie drie amusante klein stukkies is oorspronklik geskryf as klaviersimbaal-oefeninge vir Anna Magdalena, wat nie alte baie van musiek geweet het toe Bach met haar getroud is nie. 'n Menigte klein stukkies van hierdie ligte aard is gebind in die beroemde „Clavier-Büchlein vor Anna Magdalena Bachin." (Terloops, ek het hierbo geskryf: amusante musiek. So min van ons begryp dat 'n groot gedeelte van musiek vermaaklik is. Die wat dit wel begryp het sou nie Sondagaand met erns-verwronge gesigte sit en luister het na Beethoven se „Ruïnes van Athene" nie. Laat ons tog ook die vrolike sy van Bach, Beethoven en Brahms leer geniet).

3. **Fuga in G-kleinterts (Die Klein Fuga) — Bach.** Hierdie orrelwerk is pragtig georkestreer deur Leopold Stokowsky. Die orkes gee daaraan 'n robuuste, dinamiese lewenskrag wat almal meesleep tot by die geweldige klimaks aan die einde.

4. **Aria vir die G-snaar — Bach.** Vir my is hierdie die skoonste melodie wat ooit geskep is. Die opname van die Berlynse orkes onder Furtwängler is met een woord perfek. Die Duitse dirigent weet wel deeglik teen watter tempo die statige melodie moet beweeg.

5. **Konsert in D-kleinterts vir twee viole en orkes — Bach.** Hierdie werk spreek op persoonlike wyse tot elkeen wat daarna luister. Die drie bewegings hoef dus nie oor uitgewy te word nie, behalwe dat mens effens nadruk wil lê op die skoonheid van die stadige beweging.

---

Maandagaand het Hubert du Plessis, by geleentheid van sy mondigwording 'n aantal van sy vriende gesellig onthaal. Mnr. Alan Graham het vir hierdie heuglike gebeurtenis sy flat tot die beskikking van die gaste gestel, en het self opgetree as gasheer. Daar het 'n aangename atmosfeer van skerts en jolyt geheers. In die loop van die aand het mnr. du Plessis die aanwesiges op musieknommers vergas.

Onder die gaste was mej. Joan van Niekerk, mej. Hettie Odendaal, mnr. Thys du Toit, mej. Hendrine Toerien en mnr Barney Toerien wat onderskeidelik van Porterville en Kaapstad oorgekom het.

* * *

Mej. Soekie Bezuidenhout het Sondag, 6 Junie mondig geword, sy het dit Vrydagaand gevier by geleentheid van Volkskool Heidelberg se re-unie.

INSPAN!
Waar gaan dit?
Ons gaan Koffie en Pannekoek geniet in
DIE UITSPAN

# Onder Onsies

Saam met U.P. het daar 'n paar oud-Maties weereens hulle Alma Mater besoek o.a. mnr. P. de Villiers, en Ansie Radloff.

* * *

Verlede Vrydagaand het die oudleerlinge van Volkskool, Heidelberg, 'n re-unie in die C.S.V.-saal gehou. Daar het ook vyf oudleerlinge vanaf Kaapstad gekom om dit by te woon o.a. mnr. Hennie Grové.

* * *

Mej. Ria Pienaar was vir die afgelope week op Stellenbosch om eksamen te skryf.

## VEELS GELUK!

„Die Matie" wil langs hierdie weg sy hartlike gelukwensinge bring aan die vier Stellenbossers wat vir hulle plekke op so'n oortuigende wyse in die Wes-Kaaplandse span oopgespeel het. Hulle is nl. Dollie du Plessis, Flip Slabber, Peet van der Walt en Pickard van Blerk.

Ons hoop hulle sal Stellenbosch se naam hoog hou op die toer na die Oostelike Provinsie. Veels geluk!

## STELLENBOSCH-TOER

Ons verneem dat die klub besig is met onderhandelings wat feitlik al finaal is, vir 'n toer vir eerste- en tweedsepan spelers gedurende die wintervakansie na die Suidelike distrikte. Hulle sal ongeveer ses wedstryde afspeel, o.a. teen Swellendam, George en Oudtshoorn.

Ons hoop die toer slaag finaal en dat die Maties 'n baie aangename rondreis sal deurmaak.

---

Mnr. J. M. Hattingh, oud-Matie, verkeer op die oomblik 'n tydlank in ons midde met studieverlof. Mnr. Hattingh was vervolgens student aan P.U.K. vir C.H.O., Potchefstroom, en is vanaf 1938 verbonde aan die Sielkunde-departement, waarvan hy onlangs tot hoof bevorder is.

Die Matie wil hom terug verwelkom in Matieland, seën toewens met sy akademiese aktiwiteite en veral waarderend van sy sosiale- en volksdiensprestasie melding maak: In die eerste plaas het mnr. Hattingh verlede jaar 'n ander oud-Matie, mej. C. M. de Vos (van Mostertsdrif en voorheen dosente in Dierkunde aan die P.U.K.) tot die egtelike juk verower. Daar benewens wandel hierdie oud-Maties vierkant in die weg en rigting waaraan Die Matie vertolking gee. By sy voltydse werksaamhede vind mnr. Hattingh nog tyd om sy volk te dien in sy heelhartige steun en ywer aan die A.N.S.

Ons vertrou dat mnr. Hattingh by sy terugkeer in Pukkie-land aan die Mooirivier, persoonlike getuienis sal kan gee van die besieling en ware Boeregees wat die Matie-A.N.S. kenmerk.

Sterkte in die Stryd!!

The Stellenbosch Stationery Store
vir
BEKOORLIKE GESKENKE
Nuwighede van alle soorte,
Deftige Skryfbehoeftes
en
MODEBOEKE.
A. DOWSON,
Andringastraat, Stellenbosch.

Ondersteun
die Alombekende
Suid-Afrikaanse
MUSIEK-FIRMA.
Beroemd vir Diens en Kwaliteit van Benodighede
R. MÜLLER
(Eiens.) Bpk.
h/v Kasteel en Burgstrate,
KAAPSTAD
en
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

Maak Kennis met die
Nuwe
Volkspele
Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)
Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur
M. L. de Villiers
Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."
Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.
Prys 4/3 posvry
Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

Vir BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE
KWV
DRUIWESAP
Onthou! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum

AVBOB
116 Takke — 44,000 Lede
Reserwefonds £113,000
Hoofkantoor:
St. Johnstraat 65
BLOEMFONTEIN
Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Rook Springbok-Sigarette

# Ontbinding van Kommunistiese Nasionale

## Uitstaande Diplomatieke Set

Die plotselinge ontbinding van die Derde Kommunistiese Internasionale Organisasie is ongetwyfeld een van die uitstaande sette van die dag. Die spontane reaksie van Berlynse en Geallieerde diplomatieke kringe mag wyduiteenlopend wees in hul waardeskatting van hierdie feit, maar dit neem nog niks weg van die feit dat Stalin se optrede geen toevalligheid maar fyn beredeneerde en sterk gemotiveerde oorsake inhou.

### WAAROM ONTBIND?

Die motiewe en redes wat aanleiding hiertoe gee, is menigvuldig en ingewikkeld. In die ontbindingsberig van 23 Mei motiveer die Komintern se presidium-bestuur sy optrede as volg: „Om **nasionale** kommunistiese partye te bevry van die verpligtings voortvloeiende uit die statute en besluite van die verskillende Komintern-kongresse." M.a.w. die **internasionale** karakter van die werkersorganisasie oor die hele wêreld moet weggedoesel word onder die skyn van nasionalisme. Of soos Stalin die klatergoudkarakter in sy vierderlei redes (30 Mei) wou goedpraat deur die optrede te sien in die lig van „lasterlike leuentaal" van die Hitleristiese, fasjistiese propaganda: Watter verregaande onsin! Blykens hierdie diktatoriale „verweer" sou (1) Moskou nog nooit die onedele begeerte gekoester het om „ander volke te bolsjewiseer" nie. (2) Die kommunistiese partye in die onderskeie lande handel wel in belang van eie volke, en nie „kragtens bevele van buite nie."

(3) Die stryd teen die Fasjisme is hoofsaak. Daarvolgens is dit noodsaaklik dat „**Patriotte** in die **vryheidsliewende lande** vir die **vereniging** van progressiewe magte in hul onderskeie lande, in 'n **nasionale** kamp vir bevryding. . . .teen Fasjisme."

(4) Noodsaaklik daarbenewens is die „vereniging in 'n enkele **internasionale** kamp vir die gevaar van **wêreldbeheersing deur Hitlerisme** "

En „al doende leert men!! — om aldus „die weg voor te berei vir die toekomstige „organisasie van 'n kameraadskap van volke." M.a.w. die nasionale beklemtoning is tog terwille van die latere, logies daaruitvloeiende internasionale!

Wie bekend is met die filosofiese en staatkundige grondslae en implikasies van die Kommunisme, en wat die onbetwisbare historiese feite uit die Stalinbewind met sy dierlike en grusame aaklikhede hom herinner, kan nie anders as glimlag oor al die onsin en laaghartige bedrog wat die diplomasie hier onder die dekmantel van welmenende eerlikheid herberg.

Voorwaar, dis die vrome praatjies van die Skaapklere waarbinne die wolf sy lippe staan en aflek!!!

Slegs één enkele woord uit die mond van die spreekbuis van die Kommunisme in S.A. sal genoegsame getuienis gee oor die grootste camouflage of beter gesê: „pure bluf" van Stalin: —„Ontbinding van die Internasionale sal die Kommunistiese partye van die wêreld NIE MEER TREF AS WAT SY NOMINELE BESTAAN HULLE JARELANK AL GETREF HET NIE.." (Guardian).

In S.A. word daar op die oomblik nog glad nie genoegsame aandag geskenk aan die onoorsienbare implikasies en konsekwensies van hierdie wolf-in-die-skaapklere-stekery nie!

In Engeland en Amerika, met die gedagte op hul brein van die „Verenigde Volkere" se taak van 'n „all-in-war" teen Hitlerisme, is hierdie marionettespel van Moskou die lank begeerde brokkie in die hongerige bekke van die propagandiste.— Geen wonder dat Stalin nou so ewe skielik neutraal staan teenoor partyskap of Godsdienstige geloof (soos aangevoer in sy vierderlei redes vir die ontbinding)! Ons sou binnekort 'n landswye beaming kon verwag van die kortsigtige, onkundige belydenis van Aartsbiskop Temple: „The religion of Christ has no essential quarrel with Communism.." Nee, hier geld: **Die doel heilig die middele!!!!**

Ongelukkig kan die praktiese sin en gesonde verstand van die Britse Nasionaalgesinde arbeidersparty nie toegesmeer word met kaf of heuning nie! Tereg hou hulle voet-by-stuk met: Die ontbinding van die Kommunistiese Internasionale behels **nie 'n repudiasie van die revolusionêre diktatuur en die aanname van parlementêre demokrasie as rigsnoer van doel en strewe nie!!"**

### A.N.S.-KONGRES

(Vervolg van bls. 1, kol. 4)

**— tegelyk taakstelling én pligsaanvaring —, nl. die sosiale bewuswording:** ONS VOLK 'N ARBEIDSLOTSGEMEENSKAP!

Met die kongres-onderwerp: **Die Volksbeweging en die Arbeid**, neem die A.N.S. aan die begin van sy tweede dekade in 1943 sy verdere taak op, en begin hy deur die gedagte van ARBEID AS VOLKSDIENS uit te bou.

In 'n tyd waarin menige Afrikanerkrag nog voorrang gee aan kleinlike twiste en politiekery in die raamwerk van 'n Britse gedagtewêreld, kom die A.N.S. op sy Tiende Kongres in 1943 dus weereens met 'n suiwer **positiewe** taakstelling, en staan sy stryd weereens in die teken van sy leuse van trou en plig: **Nasieliefde, Nasiediens!**

### HOKKIE

Die Maties se eerstespan het verlede Saterdag met 'n verswakte span 'n groot oorwinning oor Brooklyn behaal met 7 doele teen 0. Die Brooklyn-span was nie in staat om die aanvalle van die Matie-skakels en voorlyn met sukses af te weer nie. H. Loubser het uitgeblink en nie minder as 4 doele aangeteken nie. Ander spelers wat goed vertoon het was W. du Toit, dr. Kirsten en George Murray, die skakels. Hulle het feitlik die spel beheer.

Voor rustyd het Loubser drie doele geslaan, terwyl dr. Kirsten en Lieb Loots elkeen ook een behaal het, sodat die rustydtelling op 5—0 in die Maties se guns te staan gekom het.

Na die hervatting het Loubser na 'n stormloop uit sy eie kwartgebied die bal tussen die Brooklyn-heelagters, wie se posisionele spel deurgaans swak was, gemoker om die telling op 6—0 te staan te bring. Gedurende die tweede helfte van die wedstryd het die Maties in Brooklyn se gebied geboer. Brooklyn se voorlyn het geen deurdringingsvermoë aan die dag gelê nie. Ongeveer tien minute voor die einde het Lambrechts na 'n pragtige stukkie indiwiduele spel die Maties se voorsprong nog verder vergroot na 7—0.

Dit was ook die eindtelling.

Die Maties se 1B-span het naelskraap met 2—1 teen Gekombineerdes verloor. Kenmerkend van die wedstryd was dat die spelers aan albei kante baie los gespeel het. Netsoos die geval by die A-span het ook die B-span se skakels die spel beheer. Veral Cruywagen en B. de Villiers het goed vertoon.

Gedurende die eerste helfte van die wedstryd het Grobbelaar vir Gekombineerdes 'n doel geskiet, terwyl Wiid vir die Maties die telling in die tweede helfte gelykop gemaak het. Kort teen die einde het Kokkie de Kock Gekombineerdes se wendoel behaal.

### DAMESHOKKIE

Verlede Saterdag op Stellenbosch is die eerste dameshokkiespan met 5 doele teen 2 deur Groenpunt geklop. Die spel was vinnig en: interessant. Alhoewel die Maties telkens aangeval het was hulle skietwerk nie akkuraat genoeg om hulle bewegings af te rond nie. Mej. Rae Hugo het vir die Maties hul enigste twee kort na mekaar geskiet.

Die eerstereserwespan het in hulle wedstryd teen Groenpunt met 4 doele teen 2 gewen.

### ONS SPANNE SE KANSE MÔRE

Môre tree albei Matie-spanne weer in wedstryde op. Die A-span reis na Paarl af, terwyl die B-span en Tuine op Coetzenburg aanmekaar spring.

Na Paarl se teleurstellende vertoning verlede Saterdag wil dit voorkom asof die Maties se eerste vyftiental wat op die oomblik uithalervoetbal speel nie juis veel moeite sal ondervind om hulle te klop nie.

Koos Brink is nou wel vir tyd en wyl op die krukkelys, en die agterlyn sal dus heelwat van sy vroeëre aanvalskrag mis, maar Hannes de Villiers en Buys behoort 'n goeie senter-kombinasie te maak wat hulle vleuels nie sal laat hongerly aan die bal nie. Piet White sal waarskynlik weer sy plek op die vleuel inneem, en met Dollie du Plessis op die ander vleuel, sal Fritz en du Toit van Paarl hulle keer moet ken.

'n Doring in die Maties se vlees sal miskien Neels Krige en Jordaan wees. Veral eersgenoemde het verlede Saterdag nog gewys dat hy sy plek in die Wes-Kaaplandse span werd was, want elke keer wat hy die bal in hande gehad het was hy gevaarlik. Daarby is hy ook nog 'n uiterste opportunis en die Maties sal moet oppas vir onsorgvuldige hanteerwerk of losrollende balle.

Waar Paarl egter ver gaan te ko[illegible] skiet is in die voorspel, en dis ju[illegible] hier waar meesal die grondslag v[illegible] Matie-oorwinnings gelê word. M[illegible] 'n haker soos Delport sal die agte[illegible] lyn oorgenoeg van die bal te si[illegible] kry, en in die los sal Flip Slabb[illegible] P. van Blerk en Munro ook sorg d[illegible] sake na wens verloop.

Die tweede-span val egter 'n uite[illegible] onbenydenswaardige taak op Coe[illegible] zenburg te beurt. Hulle bied naam[illegible] die hoof teen een van die sterks[illegible] spanne in die kompetisie.

Alhoewel Tuine miskien nie so oo[illegible] tuigend verlede Saterdag teen Groo[illegible] Schuur vertoon het nie en slegs m[illegible] 'n skepskop kon wen wil dit no[illegible] nie wegneem van die feit dat hulle [illegible] hulle wil wen, niks hulle laat ke[illegible] nie.

Met so 'n goedgebalanseerde agte[illegible] lyn soos C.B. Louw ('n virtu[illegible] Springbok), Underhay ('n oud-W.P. speler), van Schoor (Wes-Kaaplan[illegible] en Oosthuizen wat 'n besonder b[illegible] stendige senter is sal sake nie al [illegible] goed vir die B-span lyk nie. Ver[illegible] sal hulle baie minder lekplekke so[illegible] verlede keer die geval was, mo[illegible] ooplaat.

Die Tuiniere se skakelpaar is o[illegible] die oomblik ook pragtig op stry[illegible] Le Roux alleen is al 'n hele paa[illegible] punte vir sy span werd met sy skop[illegible] werk. Van Niekerk van die Matie[illegible] sal Saterdag ook minder stadig di[illegible] bal aan sy senters moet uitgee wa[illegible] hy sal keer op keer uitvind dat h[illegible] onder stof geloop word as hy draa[illegible]

Waar Tuine seker nog die sterkst[illegible] is is die voorspelers. Met mann[illegible] soos George van Reenen en Pie[illegible] Kriel om hulle aanvalle te lei s[illegible] de Villiers, Bredel en Venter maa[illegible] swaar lewe om die bal voor hull[illegible] weg te hou. Na verwagting sal Vo[illegible] ook seker die bal klokslag haak e[illegible] die Tuiniere se agterlyn sal seke[illegible] volop te doen kry.

Ons verwag dus 'n taamlike groo[illegible] oorwinning vir Tuine, maar nietemi[illegible] beloof dit om 'n baie aanskoulik[illegible] wedstryd te wees, en die besoeker[illegible] aan Coetzenburg kan versekerd wee[illegible] dat hulle oop en vinnige rugby te[illegible] sien sal kry.

---

Mej. Barlo Retief het verlede na[illegible] week 'n besoek aan Stellenbosch af[illegible] gelê, sy was tuis by haar suster in[illegible] Sonop.

* * *

Mnr. A. B. Celliers, oud-Matie, wa[illegible] verlede jaar sy B.Com. graad alhier[illegible] verwerf het, het 'n aanstelling by di[illegible] Uniewinkels in Kaapstad gekry, waa[illegible] hy die 15e Junie sal begin.

INK EN GOM

Nuwe Voorrade ontvang van

| | |
|---|---|
| INDIESE INK—Verskillende Kleure— | 2/3 per bottel |
| STEMPEL INK—Verskillende Kleure— | 1/3 „ „ |
| MERK-INK—vir klere— - - | 1/3 „ „ |
| INK-UITWISSER (Ink Eradicator) per stel van 2 bottels | —2/3 |
| GOM (MUCILAGE) - - | 8d. per bottel |

BRING BOTTELS SAAM.

C.S.V.-BOEKHANDEL

PLEINSTRAAT :: STELLENBOSCH

GEBROEDERS DE WET (Eienaars) Bpk.

Bus 21 Foon 20

❖ Algemene Handelaars

❖ Mans-, Vroue- en Kinderuitrusters

❖ Praktiese Snyers

❖ Sport Emporium

GEBROEDERS DE WET (Eienaars) BEPERK - - - - - STELLENBOSCH